

# Die Pad van Waarheid tot die Lewe Bybel VertalingsProjek

## Bespreking van die wet

9

**Skrifgedeeltes**

Ons het in die verloop van hierdie reeks reeds baie gedeeltes aangehaal wat gewoonlik vir mense 'n probleem skep aangaande die wet. Ons wil ook graag ander gedeeltes bestudeer.

Soos u sal sien word baie probleme opgelos deur die korrekte vertaling asook deur ons openheid tot die waarheid.

Almal van ons leer steeds en as ons bereid is om van Vader te leer, sal Hy die Waarheid aan ons openbaar.

Ons begin met drie frases wat vir ons baie skrifte sal verklaar.

Die misverstaan van hierdie frases lei tot die vals konsep dat ons nie meer die wet hoef na te kom nie.

**Rom 2:12, 13**

**Rom 3:19**

**Gal 3:23**

**Gal 4:4-5, 21**

**Gal 5:18**

Sha'ul sê nie dat die wet verkeerd is, of mee weggedoen is nie. Hy praat teen die valse begrip van wat dit beteken om in Yeshua, ons Gesalfde Een te vertrou.

Wanneer ons aan onself sterf, gesimboliseer deur die waterdoop (Rom 6:1-7), sterf ons aan die vermoë van die wet om ons (tereg) te veroordeel tot die hel.

Omdat ons sondig, wys die wet ons sonde teen God uit en skryf die voorgeskrewe straf voor = die Dood (die vloek van Deut 27:26). Nou egter, in Yeshua, is ons dood aan onself. Die wet het geen wettige outoriteit meer om my te veroordeel nie.

Dit is wat Sha'ul in Rom. 7:1-8:2 skryf. Wanneer 'n getroude vrou iemand anders trou is sy 'n egbreekster, veroordeel deur die wet. As haar man egter sterf, is 'n vrou vry om weer te trou, die wet kan haar nie veroordeel nie.

As 'n man moord pleeg en gevang word, kom hy voor die hof en word volgens die wet van God tot die dood veroordeel. (Lev 24:21). As hy sou sterf net nadat hy gevang is, kan die wet niks meer doen om hom te straf nie, hy het reeds die straf van sonde ontvang = dood. Die wet kan niks meer doen om hom te straf nie. Die wet het geen jurisdiksie meer oor hom nie. Hy is nie meer onder die jurisdiksie van die wet nie.

Ons het nou, deur vertrouwe in Yeshua, gesterf aan die self en, is nie langer onder die wet' nie, want ons is dood in Yeshua en die wet het geen jurisdiksie oor ons, om ons nog te veroordeel nie. Yeshua het die straf wat ons toekom oorgeneem en het die regverdige vereiste van die wet daarvoor nagekom (Rom. 8:4). Die wet kan ons nog oordeel, deur ons te wys waar ons 'in die vlees' is, maar dit kan ons nie meer veroordeel tot die dood van die hel nie.

‘Onder die wet’ is dus ‘n term wat beteken iemand het die wet as regter en veroordelaar op die dag van oordeel. As jy ‘n gehoorsame volgeling van Yeshua is, kan dit nie jou posisie wees nie. Dit is wat Rom. 8:1-2 verduidelik. Veroordeling het geen mag oor ‘n dooie persoon nie.

### **Rom 2:12**

Hulle wat sonder die geskrewe wet gesondig het, sal ook sonder die geskrewe wet vernietig word en hulle wat die geskrewe wet oortree het, sal deur die geskrewe wet veroordeel word, 13 want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar die wat die wet doen, word onskuldig verklaar.

### **Gal 4:4**

maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit ‘n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet, 5 om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang,

### **Gal 5:18**

maar as julle deur die Gees gelei word, is julle nie onder die wet nie,

## 2. Werke van die wet.

**Rom. 3:20, 28**

**Gal. 2:16**

**Gal 3:2, 5, 10**

Die term word gebruik vir iemand wat deur die doen van die wet sy verlossing wil verkry. Die groot probleem is dat God NOOIT gesê het dat die hou van die wet ewige lewe sal verdien nie. Dit was 'n vals lering in Sha'ul se tyd en vandag. Verlossing vir die Hebreuse slawe in Egipte het gekom deur die dood van die lam. NA die verlossing is die wet neergeskryf as 'n lewenswyse en riglyn vir wat God as reg en verkeerd beskou

**Eks 15:26; Deut 4:2; 6:18; 12:8, 25, 28**

Elkeen wat dink dat hy verlossing kan verkry deur na die wet te kyk om hom onskuldig te verklaar sal baie teleurgesteld wees op die dag van oordeel. Die wet kan net veroordeel weens sonde – en die straf vir sonde is die dood – die ewige dood.

**Deut 27:6; Yeg 18:4; Yog 8:24**

**3. Meeste “Christene”** sal sê dat ‘n mens in elk geval nie die wet kan nakom nie, dit is dus sinneloos. Meeste weet egter nie mooi watter wette is dit wat nie gehou kan word nie. Vra maar vir iemand!

Terwyl hulle sê dat die enigste wet wat geld die wet dat jy God moet liefhê met jou hele wese en daade is, is dit die een gebod wat nie nagekom kan word nie (**Deut. 6:4-5; Mark 12:29-30**). Wie kan sê dat hy altyd die gebod nagekom het?

Dit bewys net hoe ongeldig daardie argument werklik is.

Ewige lewe is in Yeshua en dit is deur vertroue in Hom dat ewige lewe na ons toe kom, nie deur die werke van die wet nie. Sha’ul praat tereg teen hierdie misleiding in Galasiërs en Romeine as hy vra wie hulle betower het om op die wet staat te maak vir vryspraak. Gal. 3:1; 5:4. Hy praat egter nie teen die wet as God se standaard en riglyn oor wat rein en afgesonderd, of wat sonde is nie.

**Rom 3:31; 7:7, 12, 14; 1 Kor 7:19**

**Gal 3:1** O, dwase oneffektiewe Galatiërs, wie het julle betower uit **julle vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een**, wat voor julle oë as die gekruisigde uitgebeeld is. **2** Ek wil alleen dit van julle weet: **Het julle die Gees ontvang** vanaf die doen van die geskrewe wet of vanaf die vertroue in wat julle gehoor het?

**Die volgende is die mees aangehaalde vers om sg. te bewys dat die Bybelse, Godgegewe feeste weggeval het en dus die wet; en dat die persoon wat dit doen wetties is en teruggeval het deur self sy verlossing te probeer bewerk.**

### **Gal 4:7-11**

“Daarom is jy nie meer ‘n slaaf nie, maar ‘n kind; en as jy ‘n kind is, dan ook ‘n erfgenaam van God deur Die Gesalfde Een, **8** maar toe julle God nie werklik geken het nie, was julle slawe van dinge wat geen godsatuur is nie, **9** maar nou dat julle God ken, of beter, deur God geken is, hoe draai julle weer terug na die kragteloze en armoedige elementêre geeste om julle weer van voor af aan hulle te wil verslaaf? **10** Julle hou dae, maande, vasgestelde tye en jare. **11** Ek is bang vir julle dat ek miskien doelloos aan julle gewerk het.”

1. Geskryf aan nie-Jode wat eers ongelowig was en toe tot vertrouwe gekom het - vs 7.
2. Vs 8 - Hulle was slawe van wat nie God se natuur was nie.
3. Vs 9 – Nou vertrou hulle egter, maar wil steeds die dinge doen van die tyd in vs 8.
4. Jy kan tog nie beweer God se wette of feeste is kragteloze en armoedige elementêre geeste nie ?? Of is dit wat jy glo?
5. Dae, Maande, feeste van die tyd in vs 8 - Dit is tog duidelik. Heidense feeste.
6. Dit is ‘n tydige waarskuwing vir elkeen wat in vertrouwe tot Yeshua kom om nie steeds Heidense feeste – Kersfees en Easter bv. te hou en God se gegewe feeste na te laat nie.

Of om die feeste te hou uit vrees, sonder vertrouwe nie.

**Wys 2 Kor 3:13** nie vir ons dat die wet besig was om te verdwyn nie?

**AOV**

"nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie"

Kom ons kyk na die korrekte vertaling:

13 nie soos Moshe nie, wat 'n bedekking oor sy gesig gesit het sodat die mense van Yisra'el nie sou aanhou kyk nie, want dit het geen doel gehad nie,  
**M.a.w. hulle kon niks baat deur na sy skynende gesig te kyk nie, want hulle was verhard.**

In die volgende verse verklaar Sha'ul juis dat hulle die Tanakh nie kan verstaan nie, want hulle het 'n sluier oor hulle oë. Hy leer dan juis dat hulle die Tanakh beter kan verstaan as hulle na Yeshua toe kom.

**2 Kor 3:16**

en wanneer enige iemand van hulle na יהוה toe draai, word die bedekking van hom af weggeneem.



## Eks 34:34

Die gedeelte leer niks daarvan dat die wet wegval of verdwyn nie.

Wys **Efe 2:15** dan nie dat Yeshua weg gedoen het met die wet nie?

### AOV

"deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooi wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep."

Kom ons kyk na die korrekte vertaling:

“In Sy fisiese Liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die **opinie van mense** veroorsaak is aangaande die wet van opdragte sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe Mens geskep kon word.”

Yeshua het gekom om die skeiding tussen Jood en nie-Jood doelloos te maak omdat daar nou een Mens is wat **saamstem oor die opdragte en wet van יהוה**

Het Sha'ul geleer dat die wet aan die kruis vas gespyker is?

**AOV**

**Kol 2:14**

"en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,"

Kom ons kyk na die korrekte vertaling:

“en Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.”

Hierdie verwys nie na die Wet van God wat afgesonderd, goed en regverdig is nie. Niks wat goed is, is aan die kruis gespyker behalwe dit wat opgestaan het uit die dood en vir ewig is nie!!!

In hierdie konteks gaan hy aan in **Kol 2:16** : "Daarom, laat niemand julle pla oor eet of oor drink of oor die uitsondering van 'n fees of 'n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie,"

**Sha'ul waarsku teen die opinies van mense oor die dinge van God.**

Leer Sha'ul nie dat ons die Tanakh se opdragte nie meer hoef na te kom nie?

**Kol 2:20-22 AOV**

"As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooie en leringe van mense, " "want as julle saam met Die Gesalfde Een die beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom leef julle nog asof julle in die wêreld geoordeel word: 21 moenie raak nie, moenie proe nie, moenie vashou nie? 22 Dit is alles dinge wat vernietig moet word **en die opdragte en leringe van mense is**" Yes 29:13

God se wil en Woord en wet is tog nie dinge wat vernietig moet word nie, maar wel mense se opinies.

Het Sha'ul geleer dat dit van onself afhang watter kos ons eet en watter dae ons vier?

**Rom 14:5,6**

"5 Daar is een wat onderskei tussen dae en daar is een wat alle dae oordeel. Laat elkeen in sy eie denke seker wees. 6 Wie ook al watter dag hoog ag, ag dit hoog vir sy Meester en hy wat die dag nie hoog ag nie, ag dit nie hoog nie, vir sy Meester; wie eet, eet tot eer van sy Meester en dank God en wie nie eet nie, hy eet nie, tot eer van sy Meester en dank God,"

**Nee, beslis nie. Die konteks en rede vir die gedeelte is of ‘n mens kos mag eet wat of aan afgode geoffer is / of nie – twyfel het daaroor bestaan of dit ge-offer is.**

**‘n Verduideliking is nodig.**

In daardie dae is kos wat aan die afgode geoffer is, op ‘n sekere dag van die week uitgesit om gekoop te word. Kos wat op daardie dag gekoop word, kon of kon dalk nie aan afgode geoffer gewees het nie. Daarom het sommige gelowiges nie kos op daardie dae gekoop nie, net om seker te maak.

Ander gelowiges het wel, aangesien hulle geargumenteer het dat, aangesien hulle nie weet of dit aan afgode geoffer is nie, dit aanvaarbaar is. Dit praat nie van Kosher of rein kosse of van Shabbat nie. Dit is duidelik.

Dit wys die sensitiwiteit van gelowiges teenoor kos wat aan afgode geoffer is. Dit spreek ‘n verskil aan of kos op sekere dae, wanneer offerkos aangebied word, gekoop mag word. Ons moet net so sensitief wees oor wat ons eet en doen.

Ons laaste gedeelte. Die vraag wat almal vra.

**Gal 3**

Geskryf teen die agtergrond van Y’hudaiseerders en die besnydings-groepe wat in daardie tyd mense probeer dwing het om Jode te word voordat hulle gered kan word.

Soos die Yisra’el-groepe vandag.

## Belangrik:

Daar is geen term vir “Wettiesheid” in die antieke tale nie en die woord wat vir wet gebruik word kan in die konteks wettiesheid beteken.

Avraham word gebruik as voorbeeld omdat die Dwaalleraars hom as voorbeeld gebruik.

1. Vb van die hele wet – selfs die mondelingse wet wat nog nie bestaan het nie!
2. Jode glo dat Avraham net hulle vader is
3. Avraham het voordeel wat vir sy nageslag, selfs redding gee. Sha’ul praat daarteen in Rom 11:28-.

:6 Net soos Avraham in God vertrou het en dit vir hom tot onpartydigheid en opregtheid bereken is? 7 Weet daarom dat dié wat uit die vertrou is, hulle is kinders van Avraham.

8 God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertrou onskuldig verklaar sou word, voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: “In jou sal al die nasies geseën word.” Gen 12:3

As ons die daaropvolgende verse versigtig beskou, sal ons sien dat dit die volgende leer:

1. Slawe van die wet = hulle wat verlossing soek in die wet en deur die wet gestraf word, is onder ‘n vloek - vs 10.
2. Dat ons onskuldig verklaar word deur vertrou – nie die nakoming van die wet nie – vs 11.
3. Wanneer ons dan vertrou het gehoorsaam ons die wet tot lewe – vs 12.
4. Yeshua het ons losgekoop van die vloek van wet – nie die wet nie – vs 13.

Die Gesalfde Een het ons losgekoop **Deut 27-28** van die vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n vloek te word, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang”, **Deut 21:22-23**.

Vs 21 antwoord die volgende probleem.

“Is die wet wat ons ontvang het teenoorgesteld aan die beloftes van God? 'n Verwerplike gedagte! Want as daar 'n wet gegee is wat in staat was om lewe te gee, dan sou die onpartydigheid en opregtheid waarlik vanaf die wet gekom het.” 24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n **gids** na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertrouwe,

27 want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek.

### **1 Yog 2:6**

Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het.

Ons onderhou die wet, want dit is Sy wil, beide vir die Jood en vir die ander nasies, hulle wat Yeshua, die Gesalfde Een lief het.

**Mat. 5:17-19; Rom. 3:31; Open. 14:12, ens.**

Ons onderhou die Wet, want dit is Sy definisie van die groot opdrag: om Hom lief te hê en om ons naaste lief te hê en Yeshua het gesê: ‘Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete **Mat. 22:40.**

### **1 Yog 3:23**

Dit is Sy opdrag: dat ons moet vertrou in die Outoriteit en Karakter van Sy Seun, Yeshua, Die Gesalfde Een en mekaar voortdurend liefhê soos Hy ons beveel het 24 en wie ook al Sy opdragte uitvoer, word deur Hom beskerm en Hy bly in hom. Hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gee.

### **Yog 14:15**

As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit.